NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

NUUSBRIEF JANUARIE 2014 FINAAL

Die jaar 2013 het afgesluit met die grootste dele van Namibia wat in Desember met goeie reens geseend was. In Januarie het egter goeie opvolgbuie voorgekom. Ons wens toe al ons lede met gesinne n goeie voorspoedige 2014 met gesondheid en baie reen. Na afloop van die skoue en die suksesvolle SimXtravganza veiling het die Raad n strategiese beplanningssessie gehou. Die toekomsvisie van ons rasse en genootskap is deeglik bespreek en n aksie plan is uitgewerk. Terugvoering van die Simmentaler en Simbra telers vergaderings word tans opgesom om veral na die belange van ons lede om te sien.

TELERSVRAELYS

Die raad het telersvraelyste van 20 telers terugontvang. Ons doen egter n beroep op telers om die vraelys in te vul en aan ons terug te stuur.

Hier is egter vir u n uittreksel uit die vraelys:

Telers is ten gunste van die gebruik van teelwaardes, maar verstaan nie altyd teelwaardes nie. Die slotsom was dat daar is n groot behoefte vir opleiding. Die Raad het besluit om n opleidingskursus aan te bied op 2 April 2014 (dag voor die AJV) deur Dr. Michael Bradfield. Dit sal plaasvind by die Agra Konferensie Sentrum. Dr. Bradfield will perform an online diagnostic of a bull. This entails the analyses of a bulls EBV's why has the EBV for birth of this bull changed from +1 to +3.2. As it became clear that there is still a lot of uncertainty among breeders regarding Breedplan. Dr. Bradfield will also address these issues.

Uit die vraelys bleik dit dat telers nie die finansiele waarde aan die ekstra koste van skandering insien nie. Die Simkantoor het reeds versoeke uitgestuur aan lede om aan die skanderingsprogram deel te neem. Tot op datum is daar egter n toename aan telers wat teen 2013 hul diere geskandeer het. Telers is nogsteeds welkom om die kantoor te kontak as hulle wil deelneem.

Daar is geen weerstand teen TA's wat van Suid – Afrika kom om keurings te doen nie en telers verkies dat TA's afgewissel word. Telers soek ten minste elke 2 jaar n ander keurder en daar kan tussen TA's geruil word. Hoofsaaklik verkies telers keurings tussen April en Junie. Indien n keuring nie volgens die vooropgestelde program kan plaasvind nie moet die teler self vir die keuring betaal volgens die vooropgestelde tariewe. Telers wat spesiale keurings vereis moet dit deur die Namibiese Simkantoor reel, wat dan die Bloemfonteinse kantoor in kennis sal stel.

Meer bemarking van ons rasse word verwag deur telers. Meer kan gedoen word deur een bemarkings strategie sodat ons al ons hulpbronne bymekaar kan voeg vir n groter bemarkingstrategie. Goeie bemarking kan ons help om ons bulle vanaf plase en op veilings te verkoop. Advertensies verkoop die diere. Ons moet ook ons kliente basis uitbrei met epos adresse en ons rasse maandeliks in die Agriforum adverteer. Telers moet ingelig word van boeredae, telersdae en kursusse en daardeur kan ons ook Simmentaler en Simbras bemark. Ons kan meer doen vir bemarking maar die ondersteuning van ons lede is nie altyd daar nie.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

Die kwaliteit van diere verkoop is n groot kwelpunt vir telers. Telers versoek dat die raad moet toesien dat slegs diere wat op standaard is verkoop word op veilings. Strenger keurings by veilings moet plaasvind dat net bulle met kwaliteit aangebied word. Veilings moet n bydrae lewer tot die verbetering van die ras. Wat beteken kwaliteit? Strukturele korrekte en goed versorgde diere met teelwaardes moet aangebied word. Swak TKP''s van moeders van bulle op veilings sit kopers af.

Strenger seleksie word vereis op strukturele korrektheid by keurings met n 10 punt lys waar elke dier bespreek en gepunt word. N liniere klassifikasie lys moet opgestel word waarvolgens keurings kan plaasvind en dit verplig die keurder om na die hele dier te kyk en dit bied ook goeie opleiding vir die teler.

Daar bestaan n behoefte by telers om besondere bulle aan mede telers bekend te maak en sodoende die genetika aan die bedryf bekend te stel. ID nommers van potensiele stoetbulle kan aan die Simkantoor deurgegee word vir bekendmaking aan mede telers.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Die algemene jaarvergadering vind plaas op 3 April by die Brahman/ Simmentalerhuis om 10h00. Graag wil ons alle telers uitnooi om die vergadering by te woon. Graag wil ons alle telers uitnooi om die vergadering by te woon. Dr. Michael Bradfield sal op 2 April n inligtings sessie aanbied wat deur niemand gemis mag word nie. ''Any fool can know. The point is to understand.''

BEOORDELAARS SIMPOSIUM

Die Raad bied n Simmentaler en Simbra Simposium aan op 25 Februarie by Diethelm en Katja Metzger. Alle raadslede, TA's, senior beoordelaars en senior kandidate word uitgenooi.

Die raad poog om meer opleiding te doen.

STOCKMANSCHOOL

Die ''Stockmanschool '' word op 19 en 20 Maart aangebied by Heja Lodge. Telers wat belangstel kan J. Els by die NSV kontak. Inskrywings sluit 28 Februarie 2014.

Aangeheg tot die nuusbrief is die inskrywingsvorm en die program.

2013 SE BORGE

Die Simmentaler en Simbra Beestelersgenootskap van Namibia wil graag sy borge bedank wat ons deur 2013 ondersteun het.

Standard Bank van Namibia: Borgskap van die Standard bank bul van die jaar kompetisie vir die Grootfontein, Gobabis en Windhoek skou. Die etes van telers en touleiers tydens die Windhoek Skou en die gala prysuitdeling by die Simmentaler en Brahman Huis.

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

Hollard Namibia: Die borgskap van die SimXtravaganza veiling op 18 Oktober 2013. Die borgskap is gebruik vir die advertensiekoste van die veiling.

Securitas: Met dank aan SECURITAS en Bertus Walters vir die bydaes tot die Simmentaler Beoordelaarskursus, Die Gobabis Simmentaler Streekskampioenskappe en die SimXtravaganza veiling.

MolatechVir die skenking van Winterlek konsentraat vir die verkoper wat die hoogste prys ontvang het op die SimXtravaganza veiling vir n Simmentaler en Simbra bul verkoop. Die pryse is ontvang deur Bertus Walters en Frans Jordaan.

Santam Namibia: N skenking in kontant is ontvang van Santam vir die aanbied van n baie suksesvolle Simmentaler kursus in die Gobabis omgewing.

Dr. K. Mbuende boeredag: Met dank aan Gerhard Mukuahima van Standard Bank, Wyli Upi van Agribank van Namibia en Frank Katjiativi van Voermeester wat as sprekers opgetree het by die boeredag. Standard Bank, Agribank en Voermeester het ook n finansiele bydrae gelewer tot die sukses van die dag.

Kamab Beesinligtingsdag: Die volgende borge het bydraes gelewer to n baie geslaagde ope beesinligtingsdag by Diethelm en Katja Metzger. Met dank aan.

AGRA ; Esmerelda Ukena en Mariaan Jansen van Vuuren
SANTAM ; H. Smit
AON INSURANCE BROKERS ; Renette Holtzhausen
FNB INSURANCE BROKERS; R. Kruger
MEATCO; Mario Poolman en die braaiers Dirk Coetzee en Morne du Plessis
AGRIBANK NAMIBIA; Wyli Upi

Die volgende Simbra telers het ook n finansiele bydrae gelewer tot die dag: D. Metzger, Nossob Simbras, Dr. A. Olivier, C. Urib, W. Wilckens en M.Wiechmann.

JAARPROGRAM 2014

Die voorlopige jaarprogram. Moontlike veranderings sal aangebring word. Telers sal egter op hoogte gehou word.

DATUM	GELEENTHEID	PLEK VAN AANBIEDING
13 – 14 Februarie	Raadsvergadering	Simkantoor
25 Februarie	Beoordelaars Simposium	Kamab D. Metzger
26 – 27 Februarie	Simbra Gevorderde Kursus – kan verander	Kamab D. Metzger

NAMIBIA SIM NEWSLETTTER

3 Maart	Simbra Bestuursvergadering	Brahman/Simmentaler Huis
12 Maart	Jongboer van die Jaar	Marco Seefeldt/ Silversand
19 - 20 Maart	Rooivleisproduksieskool	Heja Lodge
2 April	Breedplan Inligtingsdag	Agra Konferensie Saal /Skougronde
3 April	AGM Vergadering	Simmentaler/ Brahman Huis
3 April	14h00 Bemagtigings sessie vir telers	Simmentaler en Brahman Huis
22 – 25 April	Vryburg Skou	Vryburg
April/ Mei	Boeredag	Sidney Martin
15 Mei	Simbra Telersdag	Kala en Sigi Heimstadt
7 Junie	Simmentaler Ope Dag	Dr. Kaire Mbuende
19 Junie	Beesinligtingsdag	Kamab, D. & K. Metzger
Julie	Simmentaler Gevorderde Kursus	Onbekend
17-19 Sept	Grootfontein Skou	Grootfontein
18-20 Sept	Rehoboth Skou	Rehoboth
22-24 Sept	Gobabis Skou	Gobabis
27 Sept – 4 Okt	Windhoek Skou	Windhoek
17 Oktober	SimXtravaganza Veiling	Agra Windhoek
12 November	Simbra Braai 19h00	Sim/Brahman Huis/Veepos
13 November	Simbra Telersvergadering	Simmentaler/Brahmanhuis
November	Simmentaler Telers besoek telers	Gobabis Omgewing